'N BANIER

Dankie, Broer Outlaw. Baie dankie.

Goeienaand, vriend. Dis 'n . . . Het beslis daardie mooi bekendstelling waardeer deur Broer Outlaw, en dit is wedersyds. En ek is bly om hier in hierdie tabernakel te wees vanaand, terug hier in Phoenix, en te luister na hierdie wonderlike liedere en hierdie pragtige koortjie. Ek het net na hulle gekyk. Ek is so krities oor hoe mense optree en aantrek in hierdie laaste dae, dat ek soort van hierdie skoon-gesig vroutjies moet bewonder hierbo. En dit lyk baie goed vir my. En ek is baie dankbaar vir hulle. God seën hulle.

2 En aan Broer Outlaw en sy seun, ek onthou toe ek hier was, was die seun net 'n klein kêreltjie. En nou hier is hy, ek dink, getroud en het dalk al 'n familie. En dit wys net dat dit nie lank neem om verby te gaan nie, nie waar nie? Ons dryf beslis net af in die pad. Maar daar is een wonderlike ding waarna ons uitsien, die dag wanneer ons ons Here Jesus sal sien, en dan sal ons almal dan verander word.

3 Hulle het gesê Suster Waldrop is hier vanaand, die dame wat genees is van kanker. Ek het nou die aand haar naam geroep. Waar is sy? Is sy nou hier in die gebou, nou? Ja, Suster Waldrop, ja, en Broer Waldrop ook. Ons is baie bly om julle in die diens te hê vanaand. Ek glo ek sien Broer en Suster Evans van Macon, Georgia af, hier oorkant aan die linkerkant, al die pad hiernatoe van Macon af.

4 En—en hierdie Griekse broertjie wat hier voor sit, ek kan nie dink nie. Hy's al die pad van Griekeland af, so ek het hom nie lank gelede ontmoet nie. En Eddie, glo ek, nie waar nie? Of, is ek . . . [Die broer sê: "Dave."—Red.] Dave, David. Ek waardeer daardie Bybel, ensovoorts, wat jy net onlangs vir my gestuur het, daardie boek. En ek sê baie dankie, broer.

5 En baie van ons vriende . . . Daar's 'n ander groep van Georgia af, Broer S. T., noem ek hom, glo ek, of T. S., aan *hierdie* kant.

6 En ek was bly om Broer Williams se seun te sien. Hoeveel keer wat hy my gevra het om vir hom te bid, en om hom vanaand hier te hoor opstaan en getuig soos daardie, het dit my hart beslis ook—ook goed gedoen, daarvoor.

7 Toe ek ingekom het, het ek Broer Mc Anally daarbuite ontmoet, my ou vriend. Ek sien hom omtrent elke keer wat ek kom.

Daar is net soveel van ons vriende hier.

8 Om na die getuienisse van genesing te luister, het my hieraan laat dink. 'n Paar oomblikke gelede het ek 'n langafstand-oproep

gemaak na Broer Tommy Hicks toe, wat in Washington is, of in Oregon, liewer. Wou hê ek moes sy plek kom inneem hierdie week. Sy broer, en sy skoonsuster, en die hele familie, is op slag dood vanmiddag, onder in Mexiko. En hy moet soontoe gaan om sy broer uit te ken en al die reëlings te tref ensovoorts. En ek het beslis 'n gevoel vir Broer Hicks. Ek moes dieselfde ding doen, 'n paar weke gelede, vir my ma. En ek weet net hoe hy voel. En so, ek glo, op hierdie tyd, terwyl ons almal saam vergader is as een groot Christenliggaam van mense, glo ek dit sou baie gaaf wees as ons net ons hoofde sou buig vir 'n oomblik en bid vir die vertroosting van Broer Hicks in hierdie uur.

9 Ons Hemelse Vader, ons bring nou voor U, as 'n groep, 'n groep mense wat pelgrims en vreemdelinge is, reisigers, wat bely dat hierdie nie ons tuiste is nie, ons is burgers van 'n ander groot Koninkryk wat sal kom, wat Jesus ons geleer het om te bid: "Laat U Koninkryk kom. Laat U wil geskied." Vader, vanaand, een van ons broers, Broer Tommy Hicks, U dienskneg, droefheid vloei oor die drade na sy ore. Sy kosbare broer, glo hy was 'n ongeredde seun, en sy vrou, en kindertjies, almal is vandag deur 'n motorongeluk vernietig. En ons broer is nou in die lug, aan die vlieg, om die liggaam van sy kosbare broer te ontmoet. Ek bid vir Broer Hicks, Here. Ek bid dat U Gees oor hom sal wees en hom sal help. Vertroos hom. En mag die groot hand van die lewende God afreik en hom ondersteuningsgenade gee in hierdie uur. Voel net self die skerp pyn, Here, van net 'n paar weke gelede, iets soortgelyks wat gebeur het, en ek voel jammer vir hom. En ek bid dat U hom sal vertroos op elke manier wat U kan, Vader. Ons vra dit in Jesus' Naam. Amen.

10 Daar is net soveel wat gesê moet word, so min tyd om hulle te sê. Ons is baie jammer vanaand, dat mense binne, buite staan, en teen die mure van die kerk.

11 Nou, hierdie volgende week, volgende Donderdag, begin die konvensie hierbo by die Ramada. Ek glo ek het dit reg uitgespreek. Bo aan die regterkant van Wes . . . of Van Burenstraat Oos. En die Ramada, dis soort van 'n groot saal daar met genoeg sitplek vir vyf-en-twintighonderd mense. En dit was 'n groot voorreg vir my om hiernatoe genooi te word deur die Volle Evangelie Sakemansgemeenskap, vir wie ek gepreek het, omtrent regoor die wêreld, vir hulle. En hulle het my hier na hierdie konvensie toe genooi, Broer Williams, en die president hier van hierdie tak, en baie van die gawe manne.

12 En ons verwag 'n wonderlike tyd daarbo, en daar gaan 'n paar goeie sprekers wees, soos ek verstaan, wat daar gaan wees. Ek verstaan dat dit my groot voorreg gaan wees om by die Saterdagoggend ontbyt te preek. En as dit so is, wil ek graag preek oor die onderwerp: *Die Ergste Man Wat Ek Ooit Gevind Het*. So . . .

13 En dan moet ek weer Sondagmiddag preek, om die liggaam van gelowiges daar toe te spreek Sondagmiddag. Regdeur die week het ek kerk tot kerk, kerk tot kerk, partykeer twee per dag, en so, om my broers te besoek. En ek beskou dit beslis as 'n voorreg, vriende, om te gaan om die verskillende organisasies te ontmoet.

14 En hier, 'n lang tyd gelede, sou dit omtrent onmoontlik gewees het, om die mense bymekaar te kry van die verskillende fases en organisasies. Maar God is so wonderlik. Hy is. Hy het dit net bewerk dat hulle almal nou begin gemeenskap hou met mekaar, en hulle verskilletjies vergeet, en jaag na die doel van die hoë Roeping. Dis baie goed. Ek is baie dankbaar teenoor God, om dit te sien. En mag dit nou net voortgaan om te groei, is my gebed.

15 Broer Outlaw, soos hy pas gesê het, was die eerste een om my te nooi Phoenix toe. Ek het baie jare gelede saam met Broer Kidson hiernatoe gekom, en ons het 'n groot byeenkoms gehad. Daardie byeenkoms was 'n rooi-letter merk in my lewe. Hulle het nie toe bandopnemers gehad nie. Hulle het 'n klankskrywertjie gehad en hulle het plate gemaak. En ek het nog die plate wat van Broer Outlaw se kerk, en van Broer Garcia se kerk daar oorkant afgekom het, die Spaanse koortjie wat in Spaans gesing het, soos hierdie kore in—in Engels sing.

16 En elke nou en dan raak ons soort van alleen by die huis, en ek kry 'n verlange, om die mense te sien, mense van Phoenix te sien. Ek sit daardie plaat op en speel dit, julle weet. En julle . . . Dis al amper deurgespeel. Maar ek ken dit net so goed, tot ek elke keer weet wat dit gaan spring en 'n reëltjie oorslaan, ensovoorts, so ek volg dit net.

17 Ek het 'n baie hartseer ondervinding in my lewe gehad onlangs, deur my ma te verloor, wat 'n baie liefdevolle Christenvrou was. Maar haar—haar heengaan was spoedig. Ek het nie tyd om dit vanaand te vertel nie. Ek wil, by een van die byeenkomste, een van die ontbytjies iewers, en hoedat die Here my weggestuur het, dat dit kon gebeur. Hy het vir my 'n visioen gegee waarnatoe om te gaan en wat sou gebeur. Toe, oppad terug . . . En die soetheid om moeder aan die einde van die pad te sien kom, en haar in my arms te hou, of aan die arm, en haar siel aan God toe te vertrou, en daardie dierbare, ou, heilige vrou te sien soos wat sy heengegaan het, toe sy nie meer kon praat nie.

18 En ek het gesê: "Moeder, is Jesus nog so soet vir jou soos die dag wat jy die Heilige Gees ontvang het? Jy kan nie praat nie, ek weet. Maar as dit 'n werklikheid is, knip net jou oë baie vinnig." En sy sou haar oë knip en die trane sou net teen haar wange afloop. En sy het gegaan om die Here te ontmoet. Daardie nag het Hy na my toe gekom in 'n visioen en haar vir my gewys, hoe

sy toe was. Ek kan net nie keer om mense te nooi om Daarna te streef nie. Sien? Gelê . . . Moet dit nooit mis nie, vriend.

19 En nou, baiekeer, waar ons staan, ons verbreek nie gemeenskap met enigiemand as gevolg van wat hulle glo nie, maar as pinkster, en met die pinkster-ondervinding, het ek dit sien kom in my familie, diegene reg af na die einde van die pad, en hulle dopgehou tot hulle siele uitgegaan het. Ek sê vir julle, ek is so bly ek het daardie ondervinding. Ek . . . van 'n pinkster-ondervinding in my te hê. En ek wil net hê elkeen moet dit hê. Moet dit nie mis nie. Wat jy ook al doen, moenie die ondervinding mis nie.

20 Gewoonlik in my byeenkomste, oral waar ek gaan, is dit altyd oor bid vir die siekes. Ek weet nie. Dit—dit was baie suksesvol. Die Here het geseën, baiekeer my gebede beantwoord. En ek wonder, net voor ek met julle praat, of daar enige was wat vanaand gekom het om voor gebid te word, iets, sodat ek my teks bietjie kan verander. Julle voor gebid wou word, sou ek oor iets van Goddelike genesing preek. Indien nie, sou ek oor iets anders preek. Is daar enigiemand hier is wat voor gebid moet word, graag voor gebid wil word? Steek jou hand op, sodat ek net 'n algemene kan kry. Hum. Goeiste! Wel, ek het omtrent 'n halfuur geworstel, 'n tyd gelede.

21 Sê, terloops, is Billy Paul hier, my seun? Billy Paul, is jy hier? Het jy 'n paar gebedskaarte daarbuite? Gaan kry 'n paar, gee hulle uit, terwyl ek 'n bietjie praat. Sien?

22 As jy dit nie doen nie, kom hulle partykeer terug en terug, en heen-en-weer, in die ry soos daardie. Jy kry nooit klaar daarmee nie. Ja. So jy . . . En so, as jy soveel gaan hê, wil ons elkeen van hulle kry, maar nie twee keer nie, julle sien. Ons kan nie. Want, baie van die mense hier kom van ver af. Ek sal net vir 'n paar oomblikke saggies praat oor iets wat sal probeer help, en om geloof te laat opkom na daardie plek waar ons kan bid vir die siekes.

23 Julle het 'n wonderlike pastoor, en hulppastoor hier, wonderlike raad, wonderlike kerk, wonderlike mense.

24 En nou die dag het ek by een van die byeenkomste gepreek hierbuite in Phoenix, in die eerste byeenkoms. Ek het gesê, soos ek en my vrou in die straat afgegaan het, wel, hoe hierdie vallei moes gelyk het 'n paar honderd jaar gelede, en hoe dit vandag lyk.

25 En vandag het ons 'n uitstappie gehad en opgegaan teen Suiderberg, en ver bo die stad daar, buite die atmosfeer van die stad. Ons het daar saam gesit en oor die Here gepraat, en hoe goed Hy vir ons was. En net . . . Die Heilige Gees het net so liefdevol in die motor inbeweeg. En net . . .

26 En ek het onder in die vallei afgekyk waar ek en klein Joseph afgegaan het, nie lank gelede nie, toe ek hier was. En ek en hy het

daar gesit, en mekaar se hande vasgehou, en gebid, my seuntjie. En ek het God gevra, wanneer ek gaan, dat ek in staat sou wees om my Bybel in sy hande te lê, en hom daarby sou laat bly, net by die Woord, en dit 'n bydrae sou wees aan Hom vir die spaar van my lewe en hulp aan my.

27 Nou, julle weet, as julle wegkom! Ons weet, alle stede. Ek dink Phoenix is—is 'n wonderlike stad.

28 Maar ek het vir my vrou gesê: "Dink net, daar onderin nou, op hierdie einste oomblik, daardie valleitjie, die Maricopa Vallei, soos ons daardeur kan kyk, Soutrivier, hierdeur, hoeveel mense op hierdie minuut, in daardie een valleitjie, die Naam van die Here ydellik gebruik! Hoeveel sondes, owerspel, ensovoorts, is gepleeg in die laaste uur, in hierdie stad, hierdie groepie mense!" Ek het gesê: "Hoeveel mense dink jy het gesondig in die afgelope vyftien minute, vandat ons hierbo gesit het, in hierdie stad?" Dink daaraan, vanaand. Ek het gesê: "Dis 'n wonder dat God nie net die hele ding wegspoel, soos daardie nie." Dis vir seker so.

29 Maar onthou julle hoe dit was in Sodom? Daar was iemand daaronder, wat uitgebring moes word. En ek het gesê: "Skat, behalwe dit alles, onthou, dat in hierdie vallei, vandat ons hierbo kom sit het, het daar gebed na gebed opgegaan uit 'n opregte hart. Sien?" En ek het gesê: "Dis hoekom ons hier is by Phoenix vandag, en in hierdie byeenkomste rondom, die gemeenskap met ons broers, is om onsself by hulle te voeg, om te help om hierdie groot vrag te skuif, om ander te laat sien."

30 "Nou, eendag glo ek dat die hele vallei vernietig gaan word. Die hele aarde sal vernietig word, en daar sal 'n groot Millennium kom." En ek het gesê: "Die soldate en die helde van die geloof sal dan afstap deur die tuine van God, om nooit weer oud te wees nie, nooit weer siek te wees nie, terwyl liedere die lug vul, die Engele wat daarop afkyk."

31 Ek dink aan 'n soldaat wat huistoe kom wanneer hy vereer word, julle weet, oorsee of iets, en hoe daar skynbaar so 'n groot eer is wat mense aan hom betoon. Maar wat is dit? Dis net 'n paar eerbetonings op straat, en 'n paar trompette wat geblaas word, of klokke wat lui, en dan gaan jy reguit in die ou groef in.

32 Maar op hierdie manier sal dit 'n eindelose Ewigheid wees, hoedat die—die liedere van die Engele sal sing, soos hierdie soldate en hulle vroue en families deur die paradyse van God stap. Nou, dis nie een of ander mitiese droom soos Kersfees Sinterklase nie. Dis die waarheid, vriende. En—en ons sien uit daarna. Ek sien uit, met my hele hart, na daardie tyd wanneer Christus sal kom en ons dan in Sy gelykenis sal wees, en daar geen ouderdom meer sal wees nie.

Sê wat? Kom reguit hiernatoe, Paul, as jy sal.

33 En julle wat 'n gebedskaart wil hê, terwyl hy ondertoe kom, net om julle 'n gebedskaart te gee, steek net julle hande op.

34 En ek wonder of dit bietjie te veel gevra sou wees, as ons hierdie pianiste en hierdie koor hier kon laat sing?

35 Wel, kom ons laat die gehoor, almal deel maak daarvan, as hulle sal, sing *Nader By U*. *Nader By U*. Ken julle die lied? Ken julle dit? Ken almal dit? *Nader By U*? Goed.

36 'n Lied, kom ons laat dan net die koor een sing. Dit, ek dink dit sal beter wees, laat die koor dit net sing. Dit sal julle almal geïnteresseerd maak in die uitgee, om julle gebedskaarte te kry.

37 Broer Outlaw, sal jy weer hiernatoe kom, as jy sal, as dit nie te veel gevra is van jou nie, my broer? En ons sal nog 'n koortjie hê, of wat nog, van die mense. En dan sal ons sommer net reguit oorgaan, so gou as wat ons kan, vir 'n kort Boodskap, en bid vir die siekes. Die Here seën julle. Bid nou vir die koortjie, soos dit . . . almal wat hulle waardeer. Julle pinkstermense wat 'n mooi, klompie skoon-gesig meisies en seuns soos daardie waardeer, steek net julle hande op. Sien? Ons waardeer dit. Daar's een buitengewone ding, baie buitengewone dinge, van hierdie kerk hier, en, een van hulle, hulle kan beslis sing.

38 [Broer Billy Paul deel gebedskaarte uit, vir omtrent sewe minute, terwyl die koor *Jesus Is My Vriend*, of, *Jesus Sal My Deurdra* sing. Koorleier sê dan: "Billy het gesê om te sing '*Om Te Laat* . . .?. . .' Maar ons wil 'n lied sing wat ons nou die aand gesing het. Kan blykbaar nie aan die gang kom nie, net soos Dinsdagaand, tot ons hierdie lied gesing het, so ons sal dit nou probeer. *Ek Was Daar Toe Die Gees Gekom Het*. Hoeveel het die Gees?" Gemeente sê: "Amen." Koorleier sê: "Hoeveel het die Heilige Gees?" Gemeente sê: "Amen." Koorleier sê: "*So, Ek Was Daar Toe Die Gees Gekom Het*." Koor sing nou *Ek Was Daar Toe Die Gees Gekom Het*—Red.]

39 Dank die Here daarvoor. Amen. Hoe dankbaar is ons vir 'n goeie geestelike opheffing soos daardie! *Was Daar Toe Die Gees Gekom Het*.

40 Nou, ons is dankbaar vir hierdie dienste, sê ek weer, en ons bid nou dat God die siekes sal genees, die verlorenes sal red.

41 Nou, bid vir my. Nou, wanneer jy inkom, net soort van onverwags, en ons nie enige reëlings ken nie; net inval en uitval, en soos dit, kan ons nie voel dat ons nie ons heel beste vir die Here doen nie, maar ons probeer om die beste te doen wat ons kan vir Hom.

So kom ons buig nou nog een keer ons hoofde vir gebed.

42 Ons Hemelse Vader, dis vanaand met dankbare harte, dat ons U troon nader, sonder om te weet net wat U wil is, en wat ons moet doen. Maar U sal ons lei. U het belowe om dit te doen, so ons glo dit. Ons bid dat U tot die verlorenes sal spreek vanaand, en die siekes sal genees. Ontvang U die eer.

43 Seën hierdie kerk, vra ons weer, Here. Seën elke kerk wat in hierdie stad en in hierdie vallei is, dat daar 'n tyd sal kom wat daar 'n groot uitstorting van die Gees sal wees op al hierdie mense, dat mense van oraloor die land sal inkom om die Woord van die Here te hoor.

44 Nou, ons besef, Here, die rede waarom ons kan juig en liedere sing is, eerstens, omdat ons na Christus toe gekom het, geglo het dat Hy was. "Want geloof kom deur die gehoor, die gehoor van die Woord." En terwyl ons geniet het om geestelike liedere te sing, en die Gees te sien beweeg in die gehoor, mag U nou die Woord voorsien wat die harte van die mense sal voorberei vir verdere diens, vir die genesing van die siekes, en die geestelike genesing van iemand wat seergemaak is, of 'n teer bewussyn wat geknak is, soos 'n geknakte riet. Ons bid dat U dit vanaand sal versterk, Here, en dit van U genesingsalf sal gee, wat die genesing van alles sal gee, dat hierdie een wat dalk van die Weg afgedwaal het, vanaand teruggedraai sal word na die Weg.

45 Ons sou ook bid, Here, vir diegene wat in die hospitale is, so siek dat hulle nie eers na die dienste toe kan kom nie. Ons bid vir hulle, in die wete dat hulle graag hier sou wou wees, maar die vyand het hulle op so 'n manier gebind dat hulle nie kan kom nie. God, gee dat hulle verlossing spoedig sal geskied. Ons glo daar staan geskrywe in die Woord, dat: "Die volk oor wie My Naam uitgeroep is, hulle sal versamel en bid, dan sal Ek uit die Hemel hoor." Dis hoekom ons hierdie geleentheid neem om te bid, terwyl al die kerke versamel is, sodat U uit die Hemel kan hoor en ons land genees. Ons vra dit nou tot die eer van God, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

46 Nou, in meegevoel met diegene wat staan, en bene wat moeg raak, sal ek net so gou maak as wat ek kan. Ek sal graag een of ander tyd wil terugkom Phoenix toe, en waar ons almal kan bymekaarkry, en 'n goeie, lang, genesingsdiens in Phoenix hou, waar die Here sommige van ons seën. Party van ons is predikers, soos Broer Outlaw. En baie van die ander broers hier, is predikers. Ek is nie veel van 'n prediker nie. Ek—ek bid net vir die siekes. En tog is daar nie enige man wat ooit die Evangelie gepreek het, wat nie graag sy gevoel teenoor die mense wil uitspreek nie. Daar's net iets daaromtrent, jy hou net daarvan om dit te doen. En ek is so bly dat julle gekom het om die uitdrukkinkie te—te hoor wat ek van Hom het, en vertrou dat Hy iets sal hê vanaand om aan julle te bewys dat ek—ek julle die Waarheid vertel en julle liefhet.

47 Ek wil 'n teksie neem hier vir 'n paar oomblikke, as die Here wil, uit Johannes, die 12de hoofstuk en die 32ste vers.

> *En Ek, as Ek van die aarde verhoog word, sal almal na My toe trek.*

48 En vir 'n teksie, om daarop te bou, wil ek graag die teks neem van: *'n Banier.*

49 Dis 'n baie snaakse, vreemde ding, om 'n teks soos daardie te lees, of 'n Skrif te lees, en dan 'n vreemde teks te neem. Maar ek het uitgevind in die jare van bediening, dat God partykeer kom op 'n vreemde manier, vreemde tye, tye wat jy nie dink nie, deur tekse praat wat ons nie sou dink waardeur Hy sou spreek nie, iemand gebruik wat ons sou dink onbelangrik is. Maar God werk op geheimsinnige maniere, om Sy wonders te doen.

50 En 'n banier, natuurlik weet ons almal wat 'n banier is. Dis iets wat ter nagedagtenis is, iets wat opgehef is, vir mense, om na te kyk. Dis iets wat voor jou geplaas word. En God het belowe, in Jesaja, die 5de hoofstuk en die 26ste vers, dat: "Daar 'n banier opgehef sou word. Daar sou 'n banier opgehef word."

51 Die mens is, deur die eeue geneig om, dis in hom, om homself te probeer help. Nou, dis net die mens se natuur.

52 Nou, wat ons probeer doen, is om 'n basis daar te stel vir iets wat ons vir die Here vra om te doen: die siekes te genees, en vertroue te gee. En jy kan nie net reguit uitstap en geloof vir enigiets hê waarvan jy niks weet nie. Jy moet eers iets hê waarop geloof kan berus.

53 Toe jy met jou vrou getroud is, moes jy geloof in haar hê. Sy moes geloof hê in jou, voor julle 'n tuiste kon skep. En jy kan nie net iets lukraaks neem en geloof daarin hê nie, want dis nie bewys nie.

54 So die ding wat die beste bewys is waarop ons kan baseer, vir geloof, sou die Woord van God wees. "Want die geloof kom deur die gehoor, en die gehoor van die Woord van God," want dis God se Woord.

55 En die mens nou, omdat hy gemaak is, selfs in sy gevalle toestand, tog is hy in die gelykenis van sy Skepper, God. En in een sin van die woord, is hy 'n seun van God, wat genade verbeur het. Hy het verbeur wat God hom gemaak het om te wees. En in sy gevalle toestand, gee hom daardie eienskappe om iets te probeer doen om homself op te hef tot 'n plek waar iets in hom vir hom vertel hy vandaan gekom het. Want, hy weet hy's nog nie in die regte toestand nie, want hy sien dood, siekte, en droefheid, en hartseer, en teleurstellings. Hy weet hy is nie daarvoor gemaak nie. Tog, maak nie saak hoe ver hy weg is van God af nie, daar is iets binne-in hom wat dit vir hom vertel, iets binne-in.

Nou, die mens is gemaak as 'n drie-ledige wese: siel, liggaam, gees.

56 Nou, die buitekant is die liggaam. Daar is vyf inlate tot daardie liggaam, en dis natuurlik die vyf sintuie: sien, proe, voel, ruik, en hoor.

57 Die binnekant, soos die saad wat geplant is, die binnekant daarvan, is die pulp-agtige deel van die saad, wat die siel is. Daar is vyf inlate daarvan, waar jy ingaan: gewete, en geheue, ensovoorts.

58 Maar dan aan die binnekant van daardie kompartementjie, is die derde kompartement, wat die gees is. En dis wat die res daarvan beheer. Daar is net een toegang tot dit, en dis eie-wil. Jy kan aanvaar of weier, en dis die enigste toegang tot dit. As jy die wil van God aanvaar deur daardie gees, neem God se Gees Sy plek in jou hart in en beheer die res van jou. En as jy Dit nie aanvaar nie, dan neem die vyand daardie plek in en beheer die res van jou. So dit berus daarop.

59 En die mens, wat so gemaak is, dan gee dit vir hom die—die iets binne-in hom wat maak dat hy iets deur homself wil bereik. Hy probeer iets doen om homself te red. Hy wil uit dit uitkom, maar hy wil dit self doen. Hy wil sy eie pad maak daardeur.

60 Nou, hy het baie prestasies probeer. Hy het hierdie deur wetenskap probeer bereik. En elke keer wat hy deur die wetenskap beweeg, vernietig hy net homself. Elke keer wat die wetenskap iets maak, vernietig hy homself; bus-kruit, en atoom-energie, en—en kernwapens, en motors, en al hierdie goed. Tog, help dit hom tydelik, maar op die lang duur vernietig dit homself. Maar hy's. . . Dis iets wat hy bereik het terwyl hy in God se werkswinkel is, om iets te probeer maak, te verdraai wat God gemaak het, en dit in sy eie idees te sit, en dit te maak.

61 Nou, soos ek gesê het van hierdie stad, soos hierdie groot, pragtige stad hier. As hierdie stad net was. . . Dit sou mooier gewees het as wat dit was in die eerste plek, as die mense van God op-en-af gegaan het in die strate, met hulle hande in die lug, om God te loof vir hulle huise en alles. Sou Phoenix nie 'n lushof van die wêreld gewees het nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Maar, in plaas daarvan, soos alle ander stede, is dit lieg, steel, bedrieg, dobbel, rook, drink, fuif, owerspel. En dit het 'n stank voor God geword. Sien?

62 So, julle sien, wat 'n mens probeer bereik, hy maak net 'n gemors daarvan. Hy kan nie homself red nie. En hy probeer deur opvoeding, hy het daardie roete gekies, om te kyk of hy nie mense kan opvoed tot 'n reddingskennis van Christus, of reddingskennis vir homself, of om iets te doen deur sy kennis nie.

63 Ek het nou die dag gelees in—in *Life* tydskrif. Waar, hulle gehad het. . . Ek glo baie van julle het die artikel gelees. Waar, hulle nou alles gedoen het om verskillende elemente bymekaar te sit, of samestellings, tot hulle amper lewe kan maak. En hulle het gesê hulle sou dit maak. Hulle kan dit nie doen nie. Lewe is skepping. So net een is 'n Skepper, en dit is God. Sien? Hulle sal nooit in staat wees om lewe te maak nie, maar hy probeer dit doen. Wonder watter spesie dit sou wees, as hy dit kon maak, as

dit volgens die intelligensie van die mens sou wees? So julle sien, hy kan dit nie doen nie. Dis net nie vir hom om dit te doen nie. Hy het misluk met opvoedkunde. Hy het misluk met die wetenskap.

64 Hy weet dat hy van iewers af gekom het, maar hy wil sy pad terugvind.

65 Adam het dit regtig uitgebeeld, die eerste man op aarde. Na hy gevind het dat hy genade verbeur het, het hy sy eie intelligensie probeer maak en 'n weg terug na God toe probeer maak sonder 'n versoening. Hy het probeer teruggaan na God, sonder om 'n—'n versoening te maak, iets om vir sy sonde te betaal. Na die straf van God die dood was, het hy probeer teruggaan sonder 'n doodsversoening.

66 En mense probeer dit steeds doen, probeer om 'n godsdiens te maak sonder 'n versoening daarin. Adam het vir homself 'n bedekking gemaak van vyeblare, met geen bloed wat vergiet is vir hierdie bedekking nie, en God het dit geweier. En Hy het dit toe geweier, en Hy sal dit altyd weier. Want: "Sonder die vergieting van bloed, is daar geen vergifnis van sonde nie."

67 Hy kan net nie terugkom nie. Want, die straf is die dood; en iets moet sterf, om daardie straf te betaal. So dit kan net plaasvervangend wees, of ons is almal in die dood as daar nie 'n plaasvervanger was vir ons om aan vas te hou nie. En die mens het besef, deur dit te doen, dat hy iets nodig het om aan vas te hou, iets waarop hy sy hande kan lê, iets wat hy kan sê: "Hierdie is dit. Ek het dit. Ek weet dis dit."

68 So, Adam het, om aan iets vas te hou, 'n vyeblaar gemaak om hom en sy vrou se naaktheid mee te bedek, maar hy het uitgevind dat dit wat hy in sy hand gehad het, nie gewerk het nie.

69 Af deur die eeue kan ons manne tel, as ons net tyd gehad het. Kom ons vat in elk geval twee of drie van hulle.

70 Kom ons vat vir Nimrod. Nimrod het dieselfde ding gedink. Na die vloed, was hy bewus dat daar 'n God was Wat die bose sou oordeel, want hulle het pas uit daardie vloed uitgekom. En hy het geweet dat dit sonde was wat God die wêreld laat vernietig het. Daarom, in die wete dat sonde God weer dieselfde ding sou laat doen, het hy iets probeer bereik, om 'n toring te maak. Dat, mense in die hemel kon ophardloop as dit sleg sou raak hier op die aarde, en in die hemel woon; en dan weer afkom na die aarde, en sonde, en weer opgaan in die hemel in.

71 Nou, dit was die heeltyd die mens se idee gewees, om te probeer sondig en op die aarde te lewe, en in die Hemel te wees terselfdertyd. Jy kan dit nie doen nie. Jy kan dit nie doen nie. Jesus het gesê: "Jy kan nie God en mammon dien nie."

72 Dis waarom ons vanaand glo in 'n totale onthouding van sonde, wegkom daarvan. Dis gif. Moenie daarmee speel nie. Moet dit glad nie toelaat nie. Moet niks daarmee te doen hê nie. Moenie

kyk hoe naby jy daaraan kan kom sonder om te sondig nie. Kyk hoe ver jy daarvanaf weg kan bly. Enigiets wat sondig lyk, bly daarvanaf weg. Moet hoegenaamd niks daarmee te doen hê nie.

73 So, Nimrod, met sy groot meesterbrein, het hy hierdie probeer bereik. En as julle sal oplet, dit was altyd, vandat die mens geskape is. Dat die . . . As jy die geslagsregister van Kain se kinders nagaan, het hulle almal wetenskaplikes geword, magtige manne, werkers op die aarde met metaal en hout, ensovoorts. Hulle was die slim, intellektuele kant.

Maar Set se kinders was landbewoners, skaapwagters, nederig.

74 Nou, dis net soos dit vandag is. Diegene wat staatmaak op een of ander mens-gemaakte, meganiese iets waarop hulle hulle hande kan sit, sê: "Hierdie is dit. Hierdie is dit," iets wat die mens self bereik het. Dan vind jy meestal uit, dis die soort wat die Bloed-versoening, terug na die regte Weg, probeer vermy.

75 Nou, maar Nimrod, na hy 'n tyd lank aan sy toring gebou het, het God in die hemele gesit en lag vir hom. En hy het dit amper voltooi. Ek wil hê julle moet oplet dat hy amper bereik het wat hy begin doen het. Maar, toe, meteens, het God net die ding omgedraai, en die ding het uitmekaar uit geval. Dit het tot die stof verval. Net soos Adam se vyeblaar-voorskoot tot stof verval het, so het Nimrod se toring tot stof verval.

76 Toe het daar 'n ander gekom, wat Koning Nebukadnésar was, en hy sou 'n stad bou.

77 En as julle sal oplet, partykeer kom daardie geeste op mense. En daar kom 'n dag, en is nou op hande, waar die Christenkerk, die Kerk van die Here Jesus Christus, so geestelik behoort te wees, omdat Jesus gesê het, dat: "Die twee geeste so naby sou wees dat dit die einste Uitverkorenes sou mislei as dit moontlik was." Die vyand is so geslepe.

78 Nou hou hom dop met Nebukadnésar. Hy het 'n stad gebou net presies volgens die patroon van die Hemel, soos die Eufraatrivier verby die troon vloei—vloei. Soos in die Hemel, die rivier van die water van die Lewe gaan verby die Troon, hangende tuine en alles net presies soos dit was, vantevore, wel, toe Abraham gereis het, op soek na so 'n Stad. En as jy nie geestelik-gesind is nie, sal Satan jou verblind vir hierdie dinge, sien, iets wat amper soos Dit lyk, maar dit is nie Dit nie. As dit mens-gemaak is, is dit nikswerd. As dit Bloed-gekoop is deur God, is dit die Waarheid. Daardie, sien, dis waar. Maar, as dit mens-gemaak is . . .

79 Nou, hy het hierdie groot stad gemaak. En toe het ons uitgevind dat, hy ook 'n beeld gemaak het vir die mense om te aanbid, en het 'n beeld-aanbidding onder die mense gebring. Maar te midde van dit alles, het daar 'n bonatuurlike handskrif teen die muur gekom, 'n onbekende taal, wat niemand kon uitlê,

behalwe 'n Gees-vervulde profeet wat onder hulle was nie. En daardie koninkryk het tot die stof verval, net presies soos Nimrod se toring en Adam se vye-voorskoot, net dieselfde, want dis iets wat die mens self bereik het. Dis iets wat hy wou doen, om te wys dat hy homself kon red.

80 Jy kan nie jouself red nie. Daar's nie een ding wat jy daaraan kan doen nie. Die Weg is alreeds vir jou gemaak. Jy kan nie jouself red nie.

81 Ons kan baie ander groot dinge aanhaal wat gebeur het. Net onlangs, Frankryk, na die Eerste Wêreldoorlog wou hulle die Siegfried-linie daarbo bou. En hulle het hulle kononne na Duitsland toe gedraai en gesê: "Nou, as die Duitsers ooit weer in hierdie rigting wil kom, wel, sal ons in staat wees om hulle te keer, want ons het 'n linie hier waarmee ons hulle kan keer." Net om te wys dat mens-gemaakte skemas nie kan staan nie, het die Duitsers hulle uitoorlê. Hulle het agter hierdie Siegfried-linie ingegaan en gesê: "Ons kan eet, drink, in owerspel lewe, dans, in sonde lewe, alles doen wat ons wil, want ons is beskerm. Ons het iets gedoen wat ons sal beskerm."

82 Die Duitsers het reg agterom dit marsjeer en hulle ingeneem, sien, het reg agterom gekom. Want, hulle het vergeet om hulle kanontorings te maak, om na enige kant toe te draai. So die Duitsers het net buite bereik van hulle kanonne gegaan, en reguit omgegaan, agterin, en die Siegfried-linie het geval.

83 Die Duitsers het gekom en die Maginot-linie gemaak. En hulle het gedink: "As die Yankees ooit hiernatoe kom, wel, sal ons net onder in hierdie bewapende beton ingaan, en ons sal reg wees." Wat het gebeur? Die Yankees het ingekom met betonbrekers en hulle stukkend geskiet. Sy het in elk geval geval.

84 Verenigde State, hier nie lank gelede nie, het gedink hulle kan 'n skip bou wat geen ander skeepsbouers kon bou nie. Dit was die Titanic genoem. Een nag, toe sy oor die oseaan gestoom het met al haar enjins wat loop, en die orkeste jazz-musiek gespeel het, tekere gegaan het. Meteens, het dit verander na *Nader, My God, By U*. Hoekom? Sy het 'n ysberg getref daarbuite, en 'n gat in haar gesteek, en die enjins gebreek, en sy het na die bodem van die see gegaan. Hoekom? God wys met Sy magtige hand vir hierdie wêreld dit kan nie staan nie. Die mens kan niks self bereik nie.

85 Nou, vandag, is hierdie groot geveg aan die gang, oor die kernwapens. En ons spandeer biljoene dollars om te probeer om 'n man op die maan te kry. Wat sal dit help nadat hy op die maan kom? Ek is nie . . . Soos ek nou die aand gesê het, ek is nie bekommerd om op die maan te kom nie. Ek wil in die Hemel ingaan, so die maan is nie ver genoeg vir my nie.

86 En dan die Russe, wat sê: "O, ons het die eerste man in die ruimte geplaas." Ek verskil beslis van hulle daar. Daardie man

het in die ruimte ingegaan omtrent twee jaar gelede. En ons het al vir tweeduisend jaar Een in die ruimte gehad, om vir ons 'n Huis te bou om na toe te kom.

87 Maar, julle sien, mens-gemaakte prestasies, wat die mens self bereik het, dit sal nie werk nie.

88 Nou het ons probeer om mense op te voed, om te kry wat ons noem: "Die beter klas mense," deur opvoedkunde. Ons kweekskole het ons predikers skool toe gestuur, wat goed is, en 'n geleerdheid geleer deur behoorlik te praat, spraak, ensovoorts, en beter taalgebruik. Dat, waar die beter klas mense van die stad, sogenaamd, sou inkom na hierdie kerke. En ons het ons kerk volgemaak daarmee.

89 Nou, ek glo nie daar is 'n beter klas mense as die mense van God nie. Sien? En Jesus het nooit gewerk met so 'n klas toe Hy hier was nie. Hy het gegaan na die vissermanne, die ongeletterde, ongeleerde, onkundiges. En dit is wat Hy gekies het. En God, as julle Hom net kon verstaan, Hy hou daarvan om iets te neem wat niks is en iets daarmee te doen. Dit bewys dat Hy God is. Daar is niks waaroor jy kan spog nie. Hy neem iets wat niks is, om iets daarvan te maak. Dit bewys dat Hy God is.

90 Nou, ons het dit toe probeer doen met denominasies. Ons het gedink, as ons miskien ons denominasies kon laat groei. En wat het ons gedoen, deur ons denominasies te maak? Wat, in die haak is; niks teen hulle nie. Maar die ding wat ons gedoen het met ons denominasies, ons het net begin werf vir daardie denominasie, en die eerste ding waarvan jy weet, het ons nie die ander broer genoeg kombers gegee om mee warm te bly nie. Sien? En so het ons toe onsself verdeel. Julle sien? En deur dit te doen, het ons toe iets onder ons laat gebeur, wat nie moes gebeur het nie. En ons vind uit dat dit net nie werk nie.

91 Ons intellektuele toesprake, wat goed is, wens net ek kon dit doen. Maar dis nie wat tel in God se aangesig nie. Dis die Heilige Gees. God het nooit so-iets ingestel nie. Hy het Sy Kerk verordineer en opdrag gegee om die Evangelie te gaan verkondig. Die Evangelie is nie intellektueel nie. "Die Evangelie het nie net in woord gekom nie, maar deur krag en demonstrasies, manifestasies van die Heilige Gees." Dis wat die Evangelie gebring het.

92 Hier nie lank gelede nie in Chicago, het 'n Volle Evangelie groep gevra vir 'n byeenkoms. En hulle het na 'n sekere groot Bybelskool toe gegaan, en hulle het 'n groot intellektuele spreker gekry. En dit is oraloor die stad geadverteer, van hierdie groot spreker van 'n sekere groot skool, met so 'n naam, goeiste, en al die grade agter die naam, dat hulle gedink het dit sou net die ding wees. En toe die skare ingekom het om na die man te luister, toe hy opgestaan het agterin die gebou met 'n pak aan, die kraag

omgedraai, en sy toespraak onder sy arm en dit uitgesprei oor die plek.

93 En die toespraak, goeiste, dit was fantasties. Daar was niemand wat 'n woord kon sê teen daardie toespraak nie. Dit was volmaak. Die taalgebruik was presies. Sy aksies en sy preekstoel-maniere was volmaak. Hy het nooit gehakkel, gestotter, of gespoeg, soos baie van ons maak nie. Maar hy—maar hy . . . Hy het sy toespraak gelewer, met sulke welsprekendheid.

94 Maar hy het gedink: "Met so 'n klomp ongeletterde mense, sal ek daar opgaan en hulle wys wat dit regtig beteken om 'n prediker te wees." Met sy bors uit, het hy opgestap, opgeblase, en hierdie toespraak gelewer. Maar hy het uitgevind dat dit nie goed afgegaan het by daardie soort skare nie. Dit het bo-oor hulle koppe gegaan. Soveel yslike, groot verhewe woorde, hulle het dit nie begryp nie.

95 So naderhand, toe hy gesien het hy was verkeerd, het hy sy preek bymekaargemaak en dit onder sy arm gesit. Sy skouers het gesak. Sy kop het gesak. Sy knieë het gehang. Hy het nederig, verneder, van die preekstoel afgeklim.

96 Daar het 'n ou gelowige daaragter gesit, wat rondgekyk het, het aan 'n ander een getik, gesê: "As hy opgegaan het soos hy afgekom het, sou hy afgekom het soos hy opgegaan het."

97 So dis net omtrent reg, totdat die mens weet dat hy niks weet nie, en hy homself verneder voor God en verwag dat die Heilige Gees die werk sal doen. Dis die ding. Die mens kan niks bereik deur sy intellek nie. Hy moet geheel en al op God staatmaak.

98 Nou, die mens wat dit doen, wys dat daar 'n prestasie iewers is, vir hierdie groot saak om verlos te word. En God het daardie prestasie behaal. Hy het dit gedoen, en Hy het dit so eenvoudig gemaak: dit was deur geloof. God het gesê, aan die begin, dit was altyd deur geloof. Vandag word jy nie gered deur werke, deur goeie dinge, deur by die kerk aan te sluit, deur geleerd te wees nie. "Jy word net gered deur geloof, en dit deur die genade van God." Jy word gered deur genade, deur te glo wat God alreeds gedoen het.

99 God het die banier daar gestel. God het vir jou iets gegee om aan vas te hou, 'n banier, soos 'n vlag wat hang.

100 En in Korea, en, o, onder in die eilande, gedurende die oorlogstyd, toe die Amerikaners die Japanese teruggedryf het. En hulle het opgehardloop in Guam en verskillende plekke, bo-op die heuwel, die hoogste heuwel wat hulle kon vind. En daar, met trane wat teen hulle wange afloop, en met uitroepe, het hulle die Amerikaanse vlag, Ou Glorie, bo-op die heuwel geplant. Hulle het die land oorwin. Wat 'n prestasie, om daardie banier op te lig, dat: "Hierdie behoort aan ons." O, wat 'n voorreg was dit vir daardie soldate, om daar te staan op die grond wat hulle oorwin het.

101 Ek sê vir julle, God het eendag vir die Kerk 'n banier gegee, toe Jesus opgelig was op Gólgota tussen hemele en aarde, niemand anders as God, Emmánuel, wat Sy Bloed op die grond uitgebloei het nie. Daar was 'n banier opgehef vir die mense, dat: "Ons oorwin het. Ons het. Ons is meer as oorwinnaars, omdat Hy vir ons oorwin het."

102 Nou vind ons dat Noag, 'n man van God, geloof gehad het, en God hom 'n banier gegee het. En daardie banier was die ark. En Noag het gebou, deur geloof, omdat dit 'n opdrag van God was, om hierdie ark te bou vir die redding van wie ook al daar sou wou ingaan. Nou, soos Noag voortgegaan het, besig om die ark te bou, het hy geweet hy voltooi 'n banier wat God vir hom gesê het om te bou. Enigiets wat God sê om te doen, hou vas daaraan, want dis reg. Maak nie saak hoeveel spotters gelag en bespot het nie, Noag het geweet hy het SO SPREEK DIE HERE gehad.

103 Vergelyk vir Noag met Nimrod. Nimrod het sy eie idee daarvan gehad; en Noag het God se idee daarvan gehad. Nimrod het iets gehad waarop hy sy hande kon lê; en Noag het iets gehad waarop hy sy hande kon lê. Dit was 'n banier, iets waaraan hy kon vashou. Sekerlik.

104 Dan vind ons uit, daarna. Ons sal vinnig van 'n ander man praat, en sy naam was Moses. En hy was net een man. Maar hoe sou hy ooit in staat wees om die kinders van Israel uit Egipte te verlos, uit die slawerny; nadat hy gestudeer het vir opleiding, geleer is in al die wysheid van die Egiptenare, en gevind het dat hy heeltemal verslaan was? Maar eendag, agterin die woestyn, het God hom ontmoet, of hy het God ontmoet. En God het vir hom 'n banier gegee, 'n staf om in sy hand vas te hou. Wat 'n eenvoudige ding, maar dit het die werk gedoen. "Neem hierdie staf voor jou." Dit was 'n banier. Dat, Moses, wanneer hy daardie staf gehad het, hy voortmarsjeer het daarmee.

105 Ek het nie lank gelede nie David Livingston bestudeer, toe ek by sy graf in Londen gestaan het. En meer mense besoek Livingston se graf as enige ander graf in die Abdy. Dan, om die storie van Livingston te hoor, hoe hy soontoe gegaan het as 'n dokter en 'n Christen. Hoe hy na die inboorlinge toe gegaan het, en hy nie kon inkom nie, omdat hulle hoofsaaklik barbare was.

106 So, hy het by die hoofman uitgekom. En hy het gesê, die hoofman het gesê: "As jy die bloed van die verbond saam met my sal drink, dan sal jy een van ons wees." So hulle het 'n bietjie wyn in 'n beker gekry, en hulle het mekaar se are gemelk, en dit oor die beker gehou en die bloed daarin gegooi, en dit gemeng, die twee bloede bymekaar. En toe het Livingston die helfte daarvan gedrink. En die hoofman het die helfte daarvan gedrink.

107 En toe het hulle vir mekaar 'n banier gegee, dat hulle broers was. En die hoofman het gevra vir Livingston se doktersjas, en

hy het sy jas uitgetrek en dit vir die hoofman gegee. En toe het Livingston vir die hoofman sy heilige spies gevra.

108 En toe, toe hy teruggegaan het in die oerwoude, en die inboorlinge agter hom aangehardloop het, 'n spies deur hom sou gooi, hoe goed kon hy voel toe hy hierdie banier oplig, die heilige spies. En wanneer hy dit opgelig het, soos daardie, sou inboorlinge op die grond val en hom amper aanbid as God, omdat hulle geweet het dat dit is waar daardie heilige spies vandaan gekom het.

109 Nou, dis vandag. Die mense van vandag besef nie watter groot banier God ons gegee het nie.

110 Jy sê: "Broer Branham, het jy mag? Ek wens ek het mag gehad."

111 Ons het nie mag nie. Ons het nie mag nie. Ons het gesag. Dis nie 'n mag nie. Dis gesag. Ons het nie mag nodig nie. Christus het die mag. Maar ons het die gesag. Amen. Daar's 'n groot verskil. Hy was die Een Wat oorwin het. Hy het oorwin en vir ons die gesag gegee. Hy het die mag, maar ons het die gesag, net soos enige ambassadeur wat na 'n ander land toe gaan.

112 Hier, om dit vir julle te verduidelik. Daar is, onder . . . Gaan jy omtrent vyfuur in die middag af na een van hierdie kruisings toe in Phoenix. Daar is 'n polisieman wat daarbuite staan. Hier gaan die karre verby, teen veertig, vyftig myl per uur. Wel, daardie klein ou polisiemannetjie, miskien nie eens vyf voet lank nie, stap daar uit, en, wel, hy het nie genoeg krag om een van daardie karre te stop nie. Wel, een van daardie karre kan driehonderd perdekrag wees. Wel, hulle tel net daardie kêreltjie op en vergruis hom, en gaan aan. Maar laat hom eenmaal sy hand opsteek, die fluitjie blaas. Hy het nie krag nie, maar hy het gesag. Dis reg. Remme sal gly, en die wiele sal skree. Alles sal stop omdat hy sy hand opgesteek het, want hy het 'n gesag.

113 En wanneer 'n man of vrou geklee is in die volle wapenrusting van God, is dit nie mag nie. Dis gesag van Bo, wanneer hy sê. Duiwels sal uitroep en remme sal skree. Selfs die dood self sal bewe, en die grafte sal oopgaan, voor die gesag wat Jesus Christus vir Sy Kerk gegee het. Alle mense weet dit. "Vir dié wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Lig op die gesag, die banier.

114 Sy hand gaan op, met sy wit handskoen aan, en elke kar sal stop. Hy het miskien nie genoeg krag, om 'n fiets te—te stop nie. Maar hy het gesag om enigiets te stop wat oor daardie straat kom. Hoekom? Die hele wet van Phoenix is agter hom.

115 En 'n Christen wat dood, en begrawe, en opgewek is saam met Hom in Sy opstanding, in Hemelse plekke! Sien: "As ons dood is saam met Hom, dan het ons ook opgestaan saam met Hom," want die Liggaam gaan waar die Hoof is. En Hy is die Hoof, en hierdie is die Liggaam. En nie sál wees nie, maar: "Nóú

sit ons in Hemelse plekke in Christus Jesus," met elke mag van die duiwel oorwin onder Sy voete. Gesag! Gesag, daar is die banier. Dis die hand wat oplig, wat saak maak.

116 Moses het afgegaan na Egipte. Daar was die groot seë daarbuite. 'n Banier opgelig, en wat het gebeur? Hulle het in bloed verander. Opgelig oor die land; paddas, luise, vlooie. Die son het geweier om te skyn. Dood het die land getref. Hoekom? Hy het die banier van God se oordeel opgelig.

117 En wanneer ons die banier van God se oordeel oplig, as 'n gelowige in Christus, met 'n gekruisigde lewe tot jouself en jou eie idees, en opgestaan, en Sy Woord wat lewendig gemaak is in jou, moet elke duiwel skree voor Dit. Dis reg. Want, dit verteenwoordig vir Christus. Sien? Hy het gesterf. Hy is die een wat die banier opgelig het.

118 En Moses met sy staf, dit het gelyk soos 'n klein dingetjie, maar dit was 'n staf. En dit was God se banier vir Egipte, sy oordeelstaf, en dit het oordeel gebring. God gee altyd iets waarna jy kan kyk, iets waarop jy jou hand kan lê, iets wat jy kan bewys, iets wat reg is, nadat jy Hom aanvaar het. Die wyse manne, Magiërs . . .

119 Ons lees, Petrus het gesê hy het gesien dat God was, enige nasie mense sou aanvaar, enigiemand wat Hom sou glo.

120 Die wyse manne, hulle het gesoek na 'n ster van Jakob wat sou opkom, 'n ster wat uit Jakob sou kom. En daar is vir hulle 'n banier gegee. Toe Jesus gebore is in Betlehem van Judéa, het wyse manne van Indië af gekom, wat 'n ster gevolg het. O, goeiste! Wat? 'n Banier, 'n getuie, 'n bewys, 'n bonatuurlike bewys.

Ongelowige, ek wil hê jy moet hierdie sien.

121 Almal moet dit nie noodwendig sien nie. Niemand het daardie ster gesien behalwe daardie drie manne nie. Hy het oor elke sterrewag gegaan, 'n regte lewende bewys, 'n banier om hulle na Christus toe te lei. Niemand behalwe hulle het dit gesien nie.

122 "'n Klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie. Maar julle sal My sien, want Ek sal altyd met julle wees, selfs tot aan die einde van die wêreld." Die banier: "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid," God se ware banier. Die ongelowige mag dit dalk nie sien nie.

123 Jesus het ook gesê: "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen." Wat sou dit wees? Dit sou 'n teken wees, 'n banier.

124 Daar is eenkeer vir Hom gevra: "Laat my seun sit, een aan die regterkant, een aan die linker."

125 Hy het gesê: "Kan jy die beker drink wat Ek drink? Kan jy gedoop word met die die doop waarmee Ek gedoop is?" Dieselfde Heilige Gees wat op Hom was sonder maat, kom op Sy Kerk

in maat, maar Dis dieselfde Heilige Gees, dieselfde God. Dis die banier.

126 Ons is God se baniere aan die wêreld. Dis hoekom ek altyd die Pinksterkerk bestraf, hulle beetkry, die manier hoe hulle lewe. Dis hoekom die wêreld nie vir Christus kan sien nie, is omdat ons die standaarde laat sak het. Ons kom daarvanaf weg.

127 Wanneer ons vroue aantrek en optree soos die res van die wêreld; wanneer ons mans uitgaan, en vuil grappe, en rook, en aangaan soos die res van hulle; vier of vyf keer getroud, al die res; trek, kry hulle in die kerk in, en sulke dinge. Wel, nee. Die—die wêreld glo nie jy het Dit nie.

128 Laat ek vir jou vertel, broer, wanneer jy dood is, en jou lewe is verborge in Christus, deur God, en verseël deur die Heilige Gees, en God lig jou op in Hemelse plekke, sal jy 'n banier wees dat 'n werk van God in jou gedoen is.

129 Jesus het gesê in Markus 16: "Vir dié wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Watter soort banier is dit? Een of ander groot hoogmoedige? Nee. Nederigheid. Die volheid van God in Christus Jesus het Hom laat wandel soos 'n nederige landbewoner, het Hom Sy dissipels se voete laat was, het geen plek gehad om Sy hoof neer te lê nie.

130 Party van ons, wat onsself Christene noem, ons het 'n punt bereik, ons moet die beste hê wat in die land is; moet soveel geld gewaarborg word, of ons sal nie gaan nie, die evangelis. Party pastore sal nie na 'n kerk toe gaan tensy dit 'n hoë klas en groot plek is nie. O, goeiste!

131 Ons het nog 'n ondervinding nodig soos Paulus gesien het toe hy oppad was Damaskus toe. Paulus het daardie banier gesien wat opgelig was! En hy het gesê: "Wie is U, Here?"

Hy het gesê: "Ek is Jesus."

132 Wat ons vanaand nodig het, is nog 'n Vuurkolom wat weer vanaand oor die kerk hang, dat mense se blinde oë oopgemaak sou word en dit kon sien.

133 Jesus leef en regeer nogsteeds, die banier. Nou, Hy's die . . . God het vir ons hierdie banier gegee. Dis 'n Ewige banier.

134 Onthou dat al die Romeine se baniere, al die Nimrod se baniere, al Babilon s'n, en al die res van hulle, vergruis en vergaan het. Ons ken hulle net deur die geskiedenis. Ek het in Rome gestaan, by waar die Keisers eenmaal die wêreld regeer het, en jy moet twintig voet ondertoe grawe in die grond, om te vind waar hulle paleis was. Gestaan in Egipte waar die Farao's was, en dit het vergaan en verander in stof.

135 Broer, maar daar is 'n banier wat God eendag bereik het, deur Jesus Christus op te wek uit die dood, en die Heilige Gees af te stuur op Sy Kerk. "En hemele en aarde sal verbygaan, maar Sy Woord sal nooit verbygaan nie." "Op hierdie rots sal Ek My

Kerk bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie." Hoekom? Die lewende banier is in die Kerk: die banier, die onfeilbare, die volmaakte bewys, iets waarop jy jou hande kan lê, iets waarna jy kan kyk.

136 Kyk hier, hierdie jongman, jong Williams hier, het opgestaan en getuig hoe sy vader en moeder vir hom gebid het, en meteens het hy die banier gesien. Iets het gebeur. Hy het gesien. Hy het totsiens gesê vir die ou huis van klei, en toe het hy begin rondhardloop in die Wit Melkweg, soos die broer gesê het.

137 Wanneer mense dit kan sien! "As Ek van hierdie aarde verhoog word, sal Ek almal na My toe trek. Julle is My getuies. Julle sal My getuies wees in Jerusalem, sowel as in Judéa, Samaría, en tot aan die uiterstes van die aarde. Vir dié wat geglo het, sal hierdie tekens volg. Duiwels sal hulle uitdryf in My Naam, met nuwe tale spreek, slange opneem, iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad aandoen nie, hulle hande op die siekes lê, en hulle sal gesond word." Die banier. Laat my nog een kry bo-en-behalwe daardie een, om dit mee te verseël. "Hieraan sal almal weet dat julle My dissipels is, as julle mekaar liefhet." Sien? Jy kan nie deel daarvan neem nie. Jy moet alles daarvan neem. En dit kan nie verseël word tot alles Daarvan gekom het nie. Dis reg.

138 In die ou land, ou tye, was die seël gewoonlik 'n ring. 'n Man wat nie sy naam kon teken nie, hy het net 'n ring gehad, en hy het dit geseël. Sy, wat hy ook al geskryf het, wel, hy sou net, in plaas van om sy naam te teken, het hy die seël daarop geplaas. Dit was 'n strafbare oortreding om daardie seël na te maak.

139 Nou, vandag, het God 'n Seël, en dis 'n doodstraf om daardie Seël na te maak. Luister, julle Lutherane, Metodiste, Baptiste, Presbiteriane en Pinksters, moet Dit nie probeer namaak nie.

140 Sit stil, en God sal Dit op jou plaas. En dan sal jy 'n banier wees, voorbeeld van Christelikheid, en manlikheid en vroulikheid. Die seël van die Heilige Gees, God se banier, in jou ingedruk totdat jy soos die Evangelie lyk, optree, wandel, praat oral waar jy gaan. Geen vinger kan op jou gelê word nie. Dis reg.

141 God het dit bereik deur die dood, begrafnis, en opstanding van Jesus Christus: "Deur die was van die water deur die Woord." Deur Sy Bloed vandag word ons gewas en gereinig, hierdie groot voorreg gegun.

142 Sien, ons wonder wat Jesus was, as ons sê Hy was dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Nou, wat Hy gister was, is Hy vandag, en sal vir ewig wees, daardie selfde banier.

143 Ons vind wat die banier toe was vir daardie mense, om te weet of Hy die regte banier was wat na uitgesien is om te kom. Ons sien dit in die Skrifte, waarin Hy nooit aanspraak gemaak het om enigiets te gedoen het nie. Hy het nooit aanspraak gemaak nie. Hy het gesê: "Dis nie Ek wat die werke doen nie. Dis My

Vader wat in My woon. Hy doen die werke. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks doen nie, maar wat Hy die Vader sien doen, dit doen die Seun ook net so." Dis wat Hy die Vader sien doen het. Met ander woorde, Hy het dit gesien deur 'n visioen, wat gebeur het.

144 Ons vind, 'n vrou het Sy kleed aangeraak. Hy het omgedraai en vir haar gesê. Sy het die bloedvloeïng gehad, en dit het gestop. Haar geloof het haar gered.

Die vrou by die put. Gesê: "Gaan, kry jou man."

Sy het gesê: "Ek het nie een nie." Gesê: "Wel, ons . . . "

"Jy het reg gesê, want jy het vyf gehad."

145 Toe Hy dit gesê het, gesê: "Meneer, ons weet dat die Messias kom, Wat die Christus genoem word. Wanneer Hy kom, sal Hy vir ons hierdie dinge vertel." Sien?

Daar was die banier. Hy het gesê: "Ek is Hy wat met jou praat."

146 O, broer, die waterpot is agtergelaat. Sy het 'n fontein gevind, gevul met Bloed, getrek uit Emmánuel se are. Sy het 'n Fontein van verlossing gevind. Sy het 'n Fontein gevind. Sy het in die stad ingehardloop. Sien? Sy het met blydskap mense verwys. Sy het gesê: "Kom, kyk vir Wie ons gevind het. Kyk 'n Man wat vir my al die dinge vertel het wat ek gedoen het."

147 Kyk na Andréas, waaroor ek gepreek het gisteraand daar oorkant. Hoe, sodra hy heelnag by Jesus gebly het, en uitgevind het dat Hy regtig God se getuie was, daardie die Messias was, hy nie gegaan, sê het: "Simon, kom, help my om dit uit te werk," nie. Hy het geweet Hy was die Messias.

148 En sodra hy voor Hom gekom het, het Hy vir hom gesê wie hy was, en wat sy vader se naam was, en Petrus het geweet dat dit was wat sou gebeur.

149 Filippus het dieselfde ding gedoen. En, o, aan, en aan, en aan, die banier.

150 Jesus het gesê, in Johannes 14:12: "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen."

151 Nou kyk. Ons is gestuur. Luister hier, vriende, almal van julle. Ek praat nou met julle mense, dis net nou, vir die mense wat voor gebid gaan word. Luister hierna.

152 Jy is 'n getuie. Jy is gered, en jy weet wat die krag van God is, jy het daardie banier aangeraak. Jy het iets, iets beetgekry, nie 'n Nimrod se toring nie. Dis ook nie 'n—'n Adam se vyeblaar-voorskoot nie. Maar dis 'n belofte van God, dat: "Hemele en aarde sal verbygaan, maar My Woord sal nie verbygaan nie." Dis iets waarop jy jou hande kan lê. "Vir dié wat geglo het, sal hierdie tekens volg. As hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." Dis 'n banier, 'n ware banier.

153 En aan julle mense, as daar een hier sou wees, wat nog nooit hierdie banier aanvaar het nie, wat nie weet wat hierdie mense laat huil, en skree, en dans nie; en hoe dit hierdie vroue hulle hare laat lank groei, en ophou om daardie vuil klere te dra, en—en wulps lyk voor mans daarbuite, en sulke dinge, daardie ou bose gees uit hulle laat uitgaan.

154 Moenie vir my sê nie. Jy mag so suiwer wees soos 'n lelie teenoor jou man; maar wanneer jy by die Oordeelsbank kom, gaan jy antwoord vir owerspel pleeg. Dis reg. Die Bybel het gesê. Jesus het gesê: "Wie ook al na 'n vrou kyk om haar te begeer, het alreeds owerspel gepleeg met haar in sy hart." En as jy jouself aantrek om jouself voor mans te vertoon, is jy skuldig, al raak 'n man nooit aan jou nie. Wanneer daardie sondaar antwoord vir sy owerspel, is jy die een wat dit gepleeg het. Jy het jouself vertoon. Ja, meneer. Broer, suster, jy mag dink dit is outyds.

155 Ek het 'n prediker gehad nie lank gelede nie, wat gesê het: "Jy gaan jou bediening skaad, Broer Branham."

156 Ek het gesê: "Dit is nie myne nie. Dis Syne. En dis Sy Woord, en dis wat Hy gesê het." Ek glo Dit. Ja, meneer. Ja, meneer. Reg.

157 So wanneer jy een van daardie vroue sien regkom met God, sal jy haar sien uitkom as 'n heilige. Jy sal haar anders sien optree. Daar sal—daar sal 'n verskil wees in haar lewe. Heiligheid sal oral spreek. Sy sal 'n dame wees.

158 Hou daardie man dop, daardie dronklap daarbuite in die straat, wat steier, 'n kroegvlieg, en sy mond vol vliegmis, van opgooi, van whisky en bier en sulke goed. Laat hom afgaan na die altaar en daardie banier beetkry eendag, en ek sal vir jou sê hy sal 'n banier van God wees, en 'n teken van die reddingskrag van Jesus Christus. Ja, meneer. Hy sal beslis.

159 Ek het hieronder op die strate van Phoenix gestaan nou die dag, en 'n klein, gekleurde seuntjie daarbuite sien staan. Klein kêreltjie, was niemand wat aandag aan hom gegee het nie. Hy het sy Bybel onder sy arm gehad, en wie ook al verbygekom het, het hy die Evangelie vir hulle aangebied, so hard as wat hy kon. Ek het gesê: "Dank die Here God. O, goeiste! Skree dit uit, broer. Gaan net voort daarmee. Dis alles reg, om Jesus Christus te verhef."

160 O, as julle Hom nie vanaand ken nie, vriende, ontvang Hom. Sal julle dit nie doen, terwyl ons net ons hoofde buig vir 'n oomblik van gebed nie? Ek's jammer, die tyd gaan so vinnig verby.

161 Ek wil vra, net 'n oomblik, is daar 'n sondaar hier vanaand wat nie vir Christus ken nie en nog nooit hierdie banier aanvaar het nie?

162 As jy probeer bereik het, sê: "Nou, Broer Branham, nou net 'n oomblik. Ek onderhou die goue reël." Broer as dit sou gestaan

het, sou Jesus nooit hoef te gesterf het nie. Sê: "Broer Branham, ek het 'n lidmaat geword van 'n baie vername kerk."

163 Dis in die haak, my broer. Ek waardeer dit, en ek waardeer dat jy die goue reël onderhou. Ek waardeer dat jy die tien gebooie onderhou. Maar as die goue reël, 'n kerkaansluiting, of enige van daardie dinge, jou sou gered het, het Jesus tevergeefs gesterf. Jesus het Self, in Johannes, 3de hoofstuk gesê: "Tensy 'n man weer gebore word, sal hy op geen manier ingaan nie."

164 Die lewe is soos 'n blaar wat aan 'n boom hang. Naderhand verlaat die lewe die blaar, en gaan terug na sy wortels. Die blaar val af. Daardie lewe word begrawe in die wortels tot die winter verbygegaan het. In die lentetyd bring dit nog 'n lewe terug, nog 'n blaar.

165 Dis hoe dit is met 'n Christen wat aan die Boom van die Lewe is. Hierdie ou dop, hier, mag afval. Dit is waar. Maar die lewe gaan terug na die God toe Wat dit gegee het. Sien? As God vir jou jou lewe gegee het, jy wedergebore is, is daar net een lewe wat ooit kan lewe, en dis God se Lewe in jou. En as daardie lewe in jou is, dan sal dit net gaan na waar dit vandaan kom, terug na God toe, om terug te kom in daardie groot Millennium, met 'n nuwe blaar, of 'n nuwe lewe, of nuwe—of nuwe liggaam wat nooit sal vervaag of verval nie.

166 Ons seisoene wys dat God met ons is, dat God hier is. Hy beheer die natuur. Nou, as jy nog nie daardie lewe ontvang het nie, as daardie blaartjie sou afval vanaand, hierdie blaartjie wat jy hier op die aarde is, jy weet dit sou nooit weer opkom nie; as jy nie wedergebore is nie, nie die banier in jou hart ontvang het, die bewys, die Heilige Gees nie. Nie net denkbeeldig nie. Jy kan jou dit nie verbeel nie.

167 Ek het nou die aand iewers gepreek, en gesê: "Wat as die dissipels nege dae gewag het, en gesê het: 'Ons sal Dit deur geloof aanvaar, dat ons die Heilige Gees het, en voortgaan'?" Hulle sou Dit nie gehad het nie. Sien? Hulle het daar gebly totdat hulle geweet het Dit was daar. Iets het gebeur, iets waarop hulle hulle hande kon lê, sê: "Hierdie is dit." Net soos Noag kon sê: "Hierdie is dit." Net soos Moses kon sê, met 'n staf in sy hand: "Hierdie is dit."

"Hoe gaan jy oorwin, Moses?"

"Met hierdie staf gaan ek oorwin. Dis hoe ek dit sal doen."

168 En deur Jesus Christus, deur die Heilige Gees, het ek oorwin. Ek het, want Hy het namens my oorwin. En nou ek . . . My lewe is dood, en verborge in Hom, en verseël deur die Heilige Gees. Dis daar.

169 As jy nie daardie ondervinding het vanaand nie, sondaarvriend, sal jy kom terwyl ons ons hoofde net vir 'n oomblik buig?

170 Ons Hemelse Vader, ek vertrou nou die gehoor toe aan U. Daar mag 'n verdwaalde persoon hier wees wat nooit weer die geleentheid sou kry nie. Ons het dit pas oor die telefoon gehoor, 'n paar oomblikke gelede, of tydjie gelede, Broer Tommy Hicks, 'n kosbare dienskneg van U. Sy broer, tot wie hy uitgeroep het, gesmeek het, net 'n paar weke gelede, selfs vir hom 'n brief gestuur, en gesê het: "Broer, ontvang Christus."

171 Maar hy het soveel geld gemaak, om vir hom 'n honderdduisend-dollar huis te koop, 'n nuwe Cadillac, hy het nie tyd gehad om dit te doen nie. "Dink ek sal dit later doen, Tommy." Maar dis nou te laat. Dit het hom ingehaal, onderin Mexiko.

172 O God, wees genadig. Laat mense weet dat daar geen terugkom is om weer te probeer nie. Hierdie is die enigste geleentheid. En die dood verander nie die siel nie; dit verander net sy woonplek.

173 Nou, Vader, ek bid dat, as daar 'n siel hier is wat weet dat hulle bestaan uit hierdie drie-ledige wese, van beide siel, liggaam, en gees, dat binne-in die pulp waarin hulle lewe, 'n gees is. Binne-in die siel wat hulle beheer, is 'n gees. Binne-in die vyf sintuie, is 'n gees. En as daardie gees nie die Gees van God is, wanneer hierdie ander wegval nie, kan dit nooit weer opstaan nie. Maar, God, ek bid U, dat hulle U nou sal ontvang, en hierdie pragtige banier van die Heilige Gees in hulle hart sal aangryp en gered sal word vanaand.

174 En terwyl ons ons hoofde gebuig het, as daar enigiemand is wat onthou wil word, steek jou hand nou op, sê: "Bid vir my, broer, prediker." God seën jou. God seën jou. God seën jou. God seën jou, jou, suster. Baie goed. Iemand anders? Nou, moenie skaam wees nie.

175 Hou net aan bid, alle Christene. Hierdie mense wat hulle hande opsteek.

176 God seën jou, dametjie. God seën jou, suster. Iemand anders? Sê: "Onthou my, Broer Branham. Ek, ek glo nou. Ek—ek glo dit net, op 'n manier. Ek glo dit net." Iemand anders? God seën jou. God seën jou, hier oorkant. Seën jou, daaragter. Dis goed.

177 Nou, dis mense wat hulle hande opgesteek het. Hulle glo dit. Die altaar staan vol kinders. Hulle is oraloor, oral. Jy hoef nie noodwendig die altaar te hê nie. Jou hart is die altaar. Jou hart is waarheen God kom.

178 Ek het nou die dag gelees, in die geskiedenis, Broadbent se *Pelgrimskerk, Niceense Vaders*, dat waar hulle, in die vroeë kerk, nooit eens enige ornamente gehad het nie, nooit eers 'n altaar gehad het nie. Want, die heidene, wat bekeer is, hulle het altyd op die altaar neergeval. Hulle het net 'n eenvoudige geboutjie gehad waar hulle op plat rotse gesit het. Hulle het hulle hande opgesteek nadat 'n goddelike man 'n boodskap gebring

het. En hulle het hulle hande opgesteek en God geloof. Hulle het gehou van daardie nagevolge van die Heilige Gees wat deur hulle spoel. Dit was die vroeë kerk in die tye van Iranaeus en Martin, ensovoorts, net na die dood van die Here Jesus, toe die kerk voortgegaan het, voor dit oorgegaan het in Katolisisme. O, dis waarvan ons hou.

179 Nou, maak julle hierbinne nou julle hart daardie altaar, en sê: "Kom in, Here Jesus." Ek gaan vir julle bid.

180 Here Jesus, ek vertrou dat, deur baie vinnig te maak, hierdie woorde bymekaar te gooi, gereed te maak nou, en ons wag om te sien wat U gaan doen in die gebedsry, sonder om presies te weet wat U gaan doen. Maar, tog, het daar ten minste 'n dosyn hande opgegaan, van jonk en oud, wat verlang om U te ken, Vader, verlang om daardie Ewige Lewe te hê. Laat dit net nou 'n werklikheid vir hulle wees. Skenk dit, Here. Mag die kosbare Gees van God onder in hulle siele afspoel net nou en hulle nuwe skepsels in Christus maak.

181 En nou, Vader, bid ek dat U in die gebedsry Uself so sigbaar sal maak voor hierdie gehoor vanaand deur die siekes te genees, dat hulle van hier af sal wegstap en sê soos hulle wat van Emmáüs af gekom het: "Was ons harte nie brandende in ons nie?" Want, hulle het iets gesien wat gedoen is, daardie mense by Emmáüs, daardie broers. Hulle het heeldag geloop, Kléopas en hulle, met Hom gepraat, maar tog het hulle nie geweet wie Hy was nie. Maar toe Hy iets gedoen het net soos Hy het voor Sy kruisiging en begrafnis, het hulle geweet dat Hy uit die dood uit opgestaan het. Sal U dit weer doen vanaand, Vader? Skenk dit, bid ons.

182 Nou bid ons dat U hierdie kosbare siele sal neem, gee hulle Ewige Lewe. Mag, as hulle nog nooit gedoop is nie, mag hulle hulle pad vind na die pastorie of iewers en gedoop word, die Naam van die Here aanroep. En mag U hulle vul met die Heilige Gees. En mag ons hulle in die Heerlikheid ontmoet, in 'n beter land, waar vanaand se byeenkoms voor die oordeel gebring sal word. Ons vertrou dit nou toe aan U, in Jesus' Naam. Amen.

Ek het Hom lief, ek . . .

Nou, na die harde, snydende Boodskap, laat ons nou net aanbid.

Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota se boom.

183 Hou julle nie daarvan nie? Almal wat . . . Julle wat Metodis was, steek julle hande op; Baptiste, Presbiteriaans, Katoliek. Nou, almal wat wedergebore is uit die Gees van God, steek julle hande op, of julle nou Metodis, Baptis, of Katoliek, of wat is. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

184 Nou terwyl ons dit weer sing, baie liefdevol, terwyl die suster nou vir ons die akkoord gee. Hou julle nie daarvan nie? O, goeiste!

185 Julle weet, wanneer julle oorkant in die Hemel kom, en in julle groot herehuis ingaan en daar ondertoe kyk, sal julle my klein plekkie daaronder sien. Een van hierdie môres, julle my sal hoor uitkom, en dit sing, sal julle weet ek het Tuisgekom. Amen. Ek hou net daarvan. Goed.

186 Almal saam nou. Moet jy net nie sit . . . Wees net jouself. Ek hou van goeie pinkstersang. En julle? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Ek hou nie van 'n oor-ontwikkelde stem nie, julle weet, wat piep, en hulle asem ophou, en blou in die gesig, en jy probeer net iets aansit. Ek—ek hou van goeie sang, net regte, vry sang. Nou almal, saam, met die koortjie, saam nou. Almal saam nou.

Ek het Hom lief . . .

Kom ons sluit ons oë.

. . . ek het Hom lief,
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota se boom.

187 Nou, baie liedevol, terwyl ons dit weer sing. Kom ons draai en skud nou hande met iemand langs jou, voor en agter. "Ek . . . " Al julle reisigers, reisigers, vreemdelinge vir die wêreld. Katoliek, skud hande met die Protestant. Protestant, skud hande met die Metodiste. Metodiste, met Baptiste, Pinksters. "Liefgehad . . . " Kerk van God, met Gemeentes. Gemeentes, met die Eenheid. O!

My verlossing gekoop het
Op Gólgota se boom.

Nou met ons hande op na Hom.

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota se boom.

Nederig nou, kom ons buig ons hoofde en neurie dit.

188 Vader, ons bely ons sondes, terwyl die Woord steeds gesaai word oor die mense se harte, daardie banier. Baie van hulle het dit al lank gelede geleer. Beweeg onder ons nou, Vader. U het die verlorenes gered. Genees nou die siekes, dat dit bekend sal word dat U Woord nie leeg na U toe sal terugkeer nie. Dit sal dit bereik waarvoor dit belowe was. [Broer Branham begin *Ek Het Hom Lief* neurie—Red.]

189 Gebedskaarte nou, vanaf nommer een, begin reg langs die altaar staan soos *hierdie,* hier. Gebed . . . Wag. So ek beter hulle

roep, een op 'n slag, sodat daar geen verwarring sal wees nie. Gebedskaart nommer een.

As jy sal aanhou om die lied te speel, suster.

190 Wie het gebedskaart nommer een? Net hier. Nommer twee, nommer drie. Goed. Drie. Nommer vier, nommer vyf, nommer ses, nommer sewe. Beweeg net reguit uit, en kom reguit hierheen, staan net reguit *so*.

191 [Broer Branham begin *Ek Het Hom Lief* neurie—Red.]

Ek . . .

Bly net in die gees van gebed nou, teer, saggies.

Omdat Hy eerste . . .

192 Agt, nege, tien, elf, twaalf, dertien, veertien, vyftien, sestien, sewentien, agtien.

My verlossing gekoop het
Op Gólgota se boom.

[Broer Branham begin *Ek Het Hom Lief* neurie—Red.]

Nou al die res van julle wat gebedskaarte het.

Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op . . . (Steek net jou hand op, in Jesus' Naam.) . . . boom.

193 [Broer Billy Paul Branham praat met Broer Branham—Red.] (Ja, seun.)

194 O, is Hy nie wonderlik nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Neurie dit. [Broer Branham begin *Ek Het Hom Lief* neurie.]

Het Hom lief, ek . . .

Hoor julle dit? Klink soos Engelegesange, sien.

. . . my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota se boom.

195 Klink dit mooi? [Gemeente sê: "Amen." Broer Branham neurie *Ek Het Hom Lief*—Red.]

Hoor jy nie die klokke lui nie?
Hoor jy nie die Eng'le sing nie?
Dis 'n glorie halleluja Jubileum.
In die verre soet' hiernamaals, (loof God!)
Net oorkant die blink rivier daar,
As die goue klokke lui vir jou en my.

196 Nou, ek kan net nie wegkom daarvan nie. O, ek hou daarvan. Ek onthou my seun, Billy, toe sy mamma oorlede is. Paar uur, is sy klein sussie oorlede. Ek het hulle altwee bymekaar gesit, bo-op die heuwel, en hulle begrawe. Opgegaan soontoe, en gaan sit. 'n Ou tortelduif het altyd daarbuite gesit en koer. Ek het

eerlikwaar gedink dit kan die onsterflike siel van hulle wees wat terugkom, met my praat. Ek was so hartseer. En gevoel asof daar, deur daardie denne af, soort van 'n fluistering gekom het daar.

Daar's 'n land oor die die rivier daar,
Word genoem die soet' hiernamaals,
En ons kom in daardie land net deur geloof's . . .

Is dit nie reg nie, vriende? Hum! Goeiste!

Een vir een sien ons die poorte,
Te vertoef by dié onsterflik,

Sal dit nie wonderlik wees as hulle dit doen nie?

As die goue klokke lui vir jou en my.

197 Nou, vriende, oor Goddelike genesing, daar is—daar is geen mens wat jou kan genees nie, net so min as wat enige mens jou kan red; want beide genesing en verlossing is verlede tyd. Toe Jesus Christus gesterf het op Gólgota: "Is Hy ter wille van ons ongeregtighede verbrysel. Deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom." Dis 'n voltooide werk. Nou, die enigste ding wat jy moet doen, om óf jou verlossing óf jou genesing te ontvang, is om te aanvaar wat Christus vir jou gedoen het.

198 Soos ek gesê het, nou die aand, kom ons kyk net 'n oomblik na God, daar ver in die Ewigheid, toe Sy . . . toe 'n honderdbiljoen sonne swart sou lyk teen Hom, toe Engele vuil sou lyk voor Sy aangesig. Dis Jehova. En toe het Hy 'n klein babatjie geword, oor 'n mishoop, in 'n krip. Dis steeds Jehova. En hier is Hy vanaand. Deur Sy genade en deur Sy Bloed, reinig Hy Sy Kerk en plaas ons in die posisie om al hierdie seëninge te ontvang waarvoor Hy vir ons betaal het.

199 Nou hier staan 'n ry mense. Ek het nog nooit in my lewe enige van hulle gesien, sover ek weet nie.

200 Nou, baie van julle was in my dienste en weet wat onderskeiding is. Julle almal ken dit. Nie waar nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Ons ken dit. Ek het dit oor en oor, en oor en oor gehad. Dis 'n gawe. Dit maak nie die Heilige Gees in my enigsins groter as in enigiemand anders nie. Dis net 'n gawe, om saam met die Heilige Gees te werk. Sien?

201 Maak nie saak of dit die huisvroutjie, of die klein seuntjie, of die dronklap daarbuite is, wat pas gered en gevul is met die Heilige Gees nie, hy het dieselfde Heilige Gees wat enige van ons het. Ja. Maar God gee gawes, saam met hierdie Heilige Gees, om te werk. Dis 'n bevestiging, om 'n banier op te hef. Wie, die prediker? Nee. Om Christus op te hef.

202 Nou, ek weet nie wat ooit gebeur het nie. Toe ek 'n klein seuntjie was . . . Julle ken my storie. Ek het net vir mense gebid. Daar is niks wat ek doen behalwe net bid, hande op hulle lê nie, en hulle word gesond. Sien? So wat kan ek doen? Nie net ek wat

bid nie, maar kyk na die ander wat bid. Almal bid. Sien? En, net, ek glo dit. Dis al wat ek weet om te doen. Ek glo dit.

203 Nou, ek's ongeleerd, het geen geleerdheid nie. En ek dink die Here het my net 'n klein gawetjie gegee om mee te werk. En—en nou, toe Jesus gesê het, toe Hy hier op aarde was, die dinge wat Hy gedoen het, ons ook sou doen. En as dit so is . . .

204 En Hy was God se banier, deur dít te doen: deur in staat te wees om vir Filippus te vertel waar hy was; die vrou van haar bloedvloeïng te vertel, en wat nog; en—en waar die muntstuk was, in die vis se mond; of so-iets, iets; dat, die vrou, dat sy in owerspel gelewe het, of enigiets soos dit. Dit was beslis 'n bevestiging dat Hy die Messias was.

205 Nou kyk na daardie stoere Jood, Filippus, toe Filippus of . . . Natánael gekom het. Natánael was 'n geleerde, 'n ware ortodoks. En toe hy Jesus gesien het, kon hy Hom skaars glo. En Hy het gesê: "Aanskou 'n Israeliet in wie daar geen bedrog is nie."

Hy het gesê: "Waarvandaan ken U my, Meester?"

Gesê: "Voordat Filippus jou geroep het."

Gesê: "Rabbi, U is die Seun van God, die Koning van Israel."

Die vrou by die put het gesê: "Ek het geen man nie."

Hy het gesê: "Ja, jy het vyf."

206 Sy het gesê: "Ons weet, wanneer die Messias kom, sal Hy vir ons daardie dinge sê. Maar Wie is U?"

Hy het gesê: "Ek is Hy."

"Ons weet dat dit die banier gaan wees."

207 En as Jesus Christus dieselfde banier is gister, vandag, en tot in ewigheid, sal Hy dieselfde ding doen as Hy die menslike hart kan beetkry. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

208 Nou, hierdie dame wat hier staan, ek ken haar nie, het haar nog nooit gesien nie. Ons is vreemdelinge vir mekaar. Is ons nie? [Die suster sê: "Ja."—Red.] Dis reg. As God vir my sal vertel wat jou probleem is, sal jy my glo? Jy sal weet of dit reg of verkeerd is, nie waar nie? ["Ja."] Sal jy dan jou genesing aanvaar? Dis in jou rug. Dis verby. Jy's genees. Dis hoe dit . . .?. . . Gaan nou, en God seën jou. Gaan.

209 [Die suster sê: "Bid vir my seun."—Red.] Sien? God seën jou. ["Hy's die een wat kanker het in sy . . .?. . . "] As jy sal glo, jou hele hart. Ja. Glo jy met jou hele hart? Sien? Hê net geloof. Moenie twyfel nie. Glo.

210 Nou sien julle hoe eenvoudig dit is. Nou, as ons net bid . . . Nou, sien, Hy weet wat, elkeen van julle, verkeerd is met julle. Julle glo dit, nie waar nie? Julle weet dis reg. Nou, as ek net hierdie dame hier vat, en nie iets daarvan sê nie, maar net bid en hande op jou lê, sal jy glo jy sal genees word? Jy glo jy sal genees

word? [Die suster sê: "Ek glo."—Red.] Goed. Buig julle hoof, net 'n oomblik.

211 Hemelse Vader, ek bid dat U ons suster sal genees. Mag sy nou gaan. Ons sien die banier wat opgehef is. Ons weet dat Hy almal sal trek. Ek lê hande op my suster, in die Naam van Jesus Christus, vir haar genesing. Amen.

Moenie twyfel nie. Glo net met jou hele hart.

212 Ek sê, as ek nie een ding sou sê nie, net vir jou bid, sal jy dit steeds glo. Sal jy nie? [Die suster sê: "Ja."—Red.] Jy sal dit in elke geval glo. Maar as ek jou sê, sal dit jou help? Jou hartprobleem. Dis reg. Gaan maar.

213 Sou dit jou help as ek vir jou gesê het wat verkeerd is met jou? Nee, jy—jy weet nie of dit jou sal help of nie. Wel, miskien sal ek net vir jou bid.

214 Hemelse Vader, ek bid dat U die vrou sal help. Gee haar geloof en krag, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

Glo nou met jou hele hart.

215 Wat dink jy, suster? Ek's 'n vreemdeling vir jou. As Jesus vir my sou sê wat verkeerd is met jou. . . [Die suster sê: "Jy is nie."—Red.] Ek's nie? Ken jy my, nou? ["Nee. Ek het jou gesien toe jy die eerste keer gekom het."] Jy het my gesien toe ek die eerste keer gekom het. Dis goed. ["Eerste keer."] Ek bedoel, ek ken jou nie. ["Eerste keer, egter."] Die eerste keer? ["Ja. Jy het vir my gebid."] Was omtrent vyftien jaar gelede. ["Ja. Dis net omtrent vyftien."] Vyftien jaar gelede. Goeiste, dis 'n lang tyd gelede. ["Ja, dit is."] Baie—baie dinge het gebeur van toe af. ["Ja, dit het."] Wel, jy sal geopereer moet word. ["Ja."] Maar as jy Christus sal glo, sal daardie gewas jou verlaat, en jy sal nie geopereer hoef te word nie. ["Amen."] Glo jy dit? ["Ja, meneer. Ek glo."] Gaan dan, glo dit.

216 Aangename kennis? [Die suster sê: "Jy het my al voorheen gesien."—Red.] Ek het jou al gesien. Maar glo jy, as ek God vra, sal Hy jou genees? ["Ek glo."]

217 Ons Hemelse Vader, ek bid dat U haar sal genees en haar gesond sal maak, Vader. Ek lê hande op haar, in Jesus' Naam. Amen.

218 As jy. . . [Die suster sê: "Dis my senuwees. Dis. . . ?. . . "—Red.] Uh-huh. Glo met jou hele hart, en jy—jy. . . ?. . . Goed.

Kom reguit vorentoe, suster.

219 Nou, jy sien, ek kan nie mense genees nie. En God kan nie mense genees tensy hulle glo dat Christus dit alreeds gedoen het nie. En nou sê jy. . . Ek het vanaand gepreek oor iets waarop jy jou hande kon lê. Hy sal sê: "Hier is dit."

220 Nou, kyk, as Jesus Self hier gestaan het, en hierdie pak gedra het wat Hy op Broer Williams se hart gelê het om vir my te gee. . . Maar, Hy, as Hy—as Hy hier gestaan het met hierdie pak aan. . . weet julle, ek glo hy het dit vir die Here gegee, toe hy dit gedoen het?

221 Hoeveel het al ooit die lewe van Sint Martin gelees? Hy was 'n heiden, en hy was 'n soldaat. Sy pa wou hê hy moes 'n soldaat wees. En hy wou nie wees nie. Hy, iets het hom geroep, van God.

222 En een aand, in die verbygaan, 'n baie koue wintersaand, was daar 'n ou bedelaar wat in die straat lê en verkluim het. En mense wat hom kon help, het verbygeloop. Hulle het dit nie gedoen nie. Martin het alles wat hy gehad het, weggegee. So hy het gesê: "Daar's net een ding om te doen. Ek het een jas." So hy het net sy swaard geneem, die jas middeldeur gesny, die bedelaar daarin toegedraai, aangegaan, en hy het aangeloop met die ander helfte aan.

223 Die mense het vir hom gelag, gesê: "Hoe onkundig! Is hy nou nie 'n aantreklike soldaat, met 'n halwe jas aan nie?" Hy het nie enige aandag geskenk nie, net aangegaan, want hy't geweet dis wat hy moes doen.

224 Daardie nag in die barakke, het hy wakker geword. En toe hy het, het hy Jesus daar sien staan, toegedraai in daardie stuk jas, waarin hy die bedelaar toegedraai het.

225 En Hy het omgekyk na die Engele. Hy het gesê: "Weet julle wie het My hierin toegedraai?"

Hulle het gesê: "Nee."

Gesê: "Martin het."

226 Daar het julle dit. Hy het 'n heilige geword, in tale gepraat, en duiwels uitgedryf, gesigte gesien, 'n magtige profeet van God. Ja, meneer. Hoekom? Toe hy daardie ou bedelaar toegedraai het in die straat, het hy Jesus Christus toegedraai. "Wat julle dan ook al aan hierdie, die geringstes van My, gedoen het, het julle aan My gedoen."

227 En om seker te maak julle is toegedraai in die geregtigheid van Christus, probeer ek julle vanaand vertel. As ek mag gehad het om julle te genees, sou ek elkeen van julle genees het. Sien? Maar ek probeer julle met 'n gawe wys, van wat ek gepreek het, dat God dit bevestig as so, sien, dat ek nie mense kan genees nie, maar om julle te laat weet Hy's hier.

228 Glo jy dit, dame? Dan sal jou artritis jou verlaat. Glo jy dit sal? Gaan dan op jou pad en skree, en sê: "Prys die Here. Ek glo dit met my hele hart."

229 Dit was 'n snaakse ding wat ek gesê het: "artritis," vir haar, en jy het dieselfde ding gehad. Gaan net voort, sê: "Ek glo dit met my hele hart," en gaan net. Dit sal gedoen word.

230 Glo jy nou dat God jou maag sal genees, en jy huistoe kan gaan en eet soos jy behoort te eet? [Die suster sê: "Prys die Here."—Red.] Gaan dan reguit huistoe en eet soos jy behoort te eet.

231 Glo nou. Glo jy met jou hele hart? "As Ek—as Ek van die aarde verhoog word, sal almal na My toe trek."

232 Nou, glo jy die Heilige Gees is hier? As ek net hande lê op jou, sal jy—jy genees word? [Die suster sê: "Sekerlik."—Red.]

In die Naam van Jesus, mag sy genees word.

233 "Vir dié wat geglo het in My Naam, sal hierdie tekens volg." Nou, glo nou net soos jy verbygaan.

Kom reguit vorentoe, suster.

In die Naam van Jesus Christus!

234 Bid almal nou. Sien, te veel van daardie visioene maak my moeg, julle sien. Sien?

In die Naam van Jesus, bid ek dat U ons suster sal genees.

235 Ek het jou jou hand sien opsteek daar, dat jy glo. [Die suster sê: "Ek glo."—Red.] Glo nou. ["Ja."]

In die Naam van Jesus Christus, bid ek dat U haar sal genees.

Kom, suster.

236 Vader, God, niks in my arms bring ek nie. Ek klou net eenvoudig aan U kruis. Ek vra vir haar genesing, in Jesus' Naam. Amen.

237 Vader, God, in die Naam van Jesus Christus, mag ons suster genees word. Amen.

Kom, my dierbare broer.

In die Naam van Jesus Christus, mag my broer genees word.

238 Glo dat God sal genees en hom gesond maak? [Die suster sê: "Sekerlik."—Red.]

In die Naam van Jesus Christus, mag hierdie kind genees word.

Nou hou net dop, terwyl daar nou vir hom gebid is.

In die Naam van Jesus Christus, mag ons suster genees word.

In die Naam van die Here Jesus, mag ons suster genees word.

In die Naam van die Here Jesus, mag ons suster genees word.

In die Naam van Jesus Christus, mag ons broer genees word.

In die Naam van Jesus Christus, mag my suster genees word.

Nou, bly in gebed, almal, baie sag, in gebed.

In die Naam van Jesus Christus, mag ons suster genees word.

O God, gee terug aan hierdie dogtertjie wat Satan weggevat het.

Kom uit haar uit, Satan! . . .?. . .

In die Naam van Jesus Christus, mag ons broer genees word.

In die Naam van Jesus Christus, mag ons suster genees word.

In die Naam van Jesus Christus, mag ons suster genees word.

In die Naam van Jesus Christus, mag ons suster genees word.

In die Naam van die Here Jesus, mag ons suster . . .?. . .

In die Naam van die Here Jesus, mag ons suster . . .?. . .

In die Naam van Jesus Christus, mag ons . . .?. . .

239 Nou, in die gehoor, almal. Ek weet hy het nie genoeg gebedskaarte daar uitgekry nie. Ek wil hê julle moet julle hoofde buig, net 'n oomblik. Ek wil vir julle 'n vraag vra.

240 Tweeduisend jaar gelede was daar 'n Man. Vierduisend, ja, omtrent vyf-en-twintig honderd jaar gelede, was daar 'n . . . God het afgekom, verteenwoordig in 'n Man, en gesit by die—die akkerboom van Abraham. Sy rug gedraai na die muur, of na die tent, vir Sara gesê wat die probleem was, aan die binnekant. Jesus het gesê: "Soos dit was in daardie dag, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens."

241 Jesus was God se banier. "Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen." Ons sien dit. Dis waar, sonder enige twyfel.

242 Nou, die rede wat ek nie verder gegaan het nie, ek het soveel byeenkomste. Ek sal eendag terug wees in Phoenix, met 'n groot byeenkoms, as die Here wil.

243 Nou, aan julle vanaand hier wat siek en behoeftig is, en nie 'n gebedskaart gekry het, om hierbo na die altaar toe te kom, om voor gebid te word nie, ek gaan nou vir julle bid. Ek wil hê julle moet baie eerbiedig wees.

244 Ek wil hê elkeen van julle gelowiges moet oorkant op mekaar hande lê, as 'n—as 'n teken. Nou, die Bybel het gesê, nou, hierdie selfde God wat hierdie belofte gemaak het, het hierdie gesê: "Vir dié wat geglo het, sal hierdie tekens volg. As hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." Enige gelowige, enige gelowige wat die Heilige Gees het, jy het die krag van God in jou, of die gesag, om die gebed van geloof te bid. Ek wil hê julle moet bid terwyl ek vir hierdie mense bid.

245 Ons Hemelse Vader, ons is gelukkig vanaand. Die Woord preek, God dan sien afkom en die Woord bevestig, dan is dit—is dit die banier wat U belowe het.

246 Eendag, 'n lang tyd gelede, was daar 'n klein seuntjie genaamd Dawid. Hy het sy vader se skape opgepas. Hy is opdrag gegee om na hierdie skape te kyk, om die vyand van hulle af weg te hou. Hy het baie min gehad om homself mee te beskerm, net 'n slingervelletjie. Maar eendag het daar 'n leeu in die kamp ingekom, en een van die lammers gevang. Dawid, as 'n ware skaapwagter, wou hy daardie vader se skaap behou. Hy

het geweet daardie leeu het daardie skaap gesteel, en hy sou die skaap opvreet, en die skaap het aan sy vader behoort. Hy het agter die leeu aangegaan met groot dapperheid. Hy het 'n klippie geslinger, en dit het die leeu neergefel. En hy het die leeu doodgemaak, en hy het die skaap teruggebring na die kudde.

247 Nou, God, ons is U skaapwagters. Ons is nie manne van mes-operasies of van—van medisinale geneesmiddels nie. Ons het 'n baie nederige dingetjie, 'n slingervel. Maar dis wat U in ons hand gesit het, 'n slingervel van gebed. Die vyand het ingekom en God se skape beetgekry. Dit het vaders, en moeders, en kinders gegryp, sleep nou deur die bosse; vertraagde verstande, en blind, en kanker-gevreet, en duiwels.

248 Satan, hierdie slingervelletjie van gebed lyk baie eenvoudig, maar ek weet wat dit sal doen. Ek kom agter daardie skape aan vanaand, om dit terug te bring. Kom uit. Laat los hom. Kom uit daardie persoon uit, jou bose gees van siekte, en verlaat hom. Ek beveel jou, in die Naam van Jesus Christus, gaan, en moenie weer terugkom na hulle toe nie. Mag God van die Hemel jou bestraf, Satan.

249 Jesus van Násaret het gesê: "As jy vir hierdie berg sê: 'Hef jou op,' en nie in jou hart twyfel nie, maar glo dit wat jy gesê het, sal jy verkry wat jy gesê het." Daarom, in die Naam van Jesus Christus, spreek ek verlossing vir elkeen hier. Deur die . . .

250 Satan, jy mag sê ons het nie die gesag om dit te doen nie. Ons hou die Banier voor jou op vanaand, Jesus Christus. Die Heilige Gees is hier, wat bewys dat hierdie God se Banier is, en jy die stryd verloor het. Kom uit, in die Naam van Jesus Christus.

'N BANIER AFR62-0119
(An Ensign)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Vrydagaand, 19 Januarie 1962, by die Jesus Naam Kerk in Phoenix, Arizona, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2018 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS, SOUTH AFRICA OFFICE
58 DISA ROAD, ADMIRAL'S PARK, GORDON'S BAY 7140 WESTERN CAPE
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org